afrikaans.com

NUUSVRYSTELLING

17 Oktober 2017

Afrikaans.com se muurkunsprojek by skole inspireer

By Afrikaans.com glo ons dat inspirasie tot aspirasie lei en my identiteit van wie ek is en hoe ek myself uitdruk, ’n trots en eiewaarde skep. Daarom het ons ook vanjaar baie spesifieke gemeenskapsprojekte waardeur ons veral skoolleerders deur visuele muurprojekte wil inspireer.

Met die Afrikaans.com-muurkunsprojek poog ons om deur kleurvolle muurskilderye wat binne die gemeenskap se konteks verstaan word, die lekker en positiewe van Afrikaans in skoolverband uit te lig.

Wat behels die muurkunsprojek by die skole?

Die Afrikaans.com-span verf een muur by elk van die deelnemende laer- en hoërskole en plaas foto’s en videomateriaal op sosiale media.

LAERSKOLE
By laerskole woeker die muurkuns met woorde wat lees en verbeelding aanmoedig en word leerders aangemoedig om Afrikaans met passie en oorgawe te geniet en te gebruik. Daar word ook ’n wen-klas gekies wat ’n biblioteek-in-’n-boks ontvang.

HOËRSKOLE
Hoërskoolleerders sal aangemoedig word om met die **hutsmerk #droomgroot17**, op sosiale media deel te neem aan die kompetisie. Die kompetisie het reeds afgeskop en **sluit op 31 Oktober**. Die wenner staan die kans om R10 000 te wen wat namens hom/haar in sy/haar droom belê sal word. (Gaan kyk by www.afrikaans.com en klik op die #DROOMGROOT-blokkie op die Tuisblad vir meer inligting oor die kompetisie.)

Gaan kyk gerus ook hier na foto’s en inligting oor die skole waar daar reeds mure geverf is: http://www.afrikaans.com/news-headlines/waarsitlekka/muurkuns

Meer oor die #droomgroot17-kompetisie vir hoërskole

Alle graad 8- tot 12-leerders regoor Suid-Afrika, kan met die **hutsmerk #droomgroot17** op **sosiale media** (Facebook/Instagram/Twitter) deelneem deur ’n **video** te maak waarin hulle **in Afrikaans** op ’n kreatiewe manier spog met hulle talente. Die video moet dan opgelaai word en **Afrikaans.com moet in die pos ge-‘tag’** word. Leerders kan enige iets doen wat hul talent ten toon stel – van sing, dans, ’n instrument speel, tot stories vertel en rymklets.

Hoe die wenner bepaal sal word

’n Paneel kies drie uitstaande inskrywings en die finaliste word dan gevra om vir ons ’n motivering te skryf hoe die R10 000 gebruik kan word om ’n stappie nader aan hul droom te kom. Die algehele wenner kry die kans om te kies wat die prys moet wees – ’n kitaar, ’n rekenaar, ’n kort musiek- of skryfkursus, ens. waarna Afrikaans.com die geld beskikbaar stel en namens die wenner op sy/haar droom spandeer.

- **einde**

Vriendelike groete

Annelie van Jaarsveldt
Redaksie

avjhome@mweb.co.za | 082 785 9158

Vir meer oor die muurprojek of vir ’n onderhoud, stuur 'n e-pos aan ons projekkoördineerder, René Arendse: rene.smartbusiness@gmail.com

Vir meer inligting of navrae oor Afrikaans.com, stuur ‘n e-pos aan:

Ingrid Erlank

Redakteur: Afrikaans.com

E-pos: ingrid@afrikaans.com